LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF
EDUCATION

NASIONALE

SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V2

SEPTEMBER 2020

PUNTE: 150

TYD: 2 Ure

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye (insluitend ‘n 1-bladsy formuleblad) en ‘n antwoordeboek van 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies deeglik en volg dit nougeset:

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ‘n Spesiale ANTWOORDEBOEK is voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. ‘n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is tot hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ‘n donker potlood of ‘n swart/bou pen gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, toon berekeninge tot EEN desimale punt.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ‘n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om nie hiervan af te wyk nie.

VRAAG 1: 45 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vervaardiging	**Bestuursrekeningkunde:** Produksiekostestaat Gelykbreekpunt analise **Bestuur van hulpbronne:** Interne kontrole

VRAAG 2: 25 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Bank- en Krediteure-rekonsiliasie	**Finansiële rekeningkunde:** Bank- en Krediteure-rekonsiliasie **Bestuur van hulpbronne:** Interne kontrole

VRAAG 3: 45 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Voorraad	**Bestuur van hulpbronne:** Voorraadstelsels Waardasie van voorraad Interne kontrole

VRAAG 4: 35 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantbegroting BTW	**Bestuursrekeningkunde:** Kontantbegroting BTW

VRAAG 1 VERVAARDIGING

(45 punte; 35 minute)

1.1 KONSEPTE

Verskaf een woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.4) neer in die ANTWOORDEBOEK. (4)

Direkte materiaalkoste	Direkte arbeidskoste
Fabrieksbokoste	Administratiewe koste
Verkoops- en Distribusiekoste	Gelykbreekpunt

1.1.1 Brandstofkoste vir die aflewering van leerhandsakke.

1.1.2 Die koste van leer vir vervaardiging van leerhandsakke.

1.1.3 Die salaris van die rekenmeester vir die besigheid wat leerhandsakke vervaardig.

1.1.4 Die salaris van die werknemer wat die leer vir die leerhandsakke sny.

1.2 IMPACT DECO

Johnny Good is die eienaar van Impact Deco, 'n besigheid wat tuinmeubels vervaardig. Die finansiële jaar het op 30 Junie 2020 geëindig. 'n Winsopslag van 25% op kosprys word gebruik.

GEVRA

1.2.1 **Verwys na Inligting B.** Bereken die Direkte Arbeidskoste. (7)

1.2.2 **Verwys na Inligting C.** Voltooi die korrekte Fabrieksbokoste nota. (12)

1.2.3 Voltooi die uitstaande syfers in die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2020. (9)

INLIGTING

A

Lys van saldo's op:	**30 Junie 2020**	**1 Julie 2019**
Indirekte materiaal	5 000	6 100
Werk in Proses	?	52 400
Klaarprodukte	26 000	31 000

B. **Fabriekswerkers:**

- Die fabriekswerkers het vir die eerste drie-kwart van die jaar, 220 normale ure per maand gewerk, teen ‘n koers van R60 per uur.
- As gevolg van die Covid-19 situasie, het die werkers slegs 30 ure in totaal oor die laaste kwart van die jaar gewerk, teen die normale uurlikse koers.
- Oor die hele finansiële jaar, het die werkers 60 ure oortyd gewerk teen ‘n koers van 1,5 van die normale koers.

C. **Die boekhouer het die fabrieksbokoste vir die jaar geëindig 30 Junie 2020, as volg bereken:**

Diverse fabrieksuitgawes	R43 320
Indirekte materiaal	R73 000
Versekering	R22 100
Water en elektrisiteit	R30 000
Bemarking	R14 700
Huuruitgawe	R163 800
Fabrieksbestuurder se salaris	R126 800

By nadere inspeksie, is die volgende foute opgemerk en dit moet reggestel word:

- Die saldo’s van Indirekte materiaal is nie in berekening gebring nie. Alle Indirekte materiaal word in die fabriek gebruik.
- Versekering sluit ‘n betaling vir Julie 2020 in. Die boekhouer het vergeet dat 30% van die Versekering aan die Administratiewe departement toegedeel moet word.
- Slegs 60% van die Water en elektrisiteit is aan die fabriek toegedeel. Dit moes 70% wees.
- Die Huuruitgawe is die totale bedrag betaal vir die hele jaar. Dit moes tussen die Fabriek, Verkoop- en Administratiewe afdelings toegedeel word in die verhouding van 5 : 3 : 1.
- Die fabrieksbestuurder het ‘n verhoging van R700 per maand op 1 November 2019 ontvang. Hy gaan sy hele salaris van die laaste maand verbeur as gevolg van die Covid-19 pandemie. Die boekhouer was nie bewus van hierdie ooreenkoms nie.

D. **Verkope:**

- Verkope vir die jaar geëindig **30 Junie 2019** was R1 760 000.
- Verkope vir die jaar geëindig **30 Junie 2020** toon ‘n afname van 40% vanaf die vorige jaar.

1.3 SUNNY TAFELS

Sunny Tafels vervaardig tafels vir kinders, wat teen 'n winsopslag van 50% verkoop word. Die finansiële jaar het op 31 Augustus 2020 geëindig.

GEVRA

1.3.1 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 31 Augustus 2020:

(a) Veranderlike koste per tafel (4)

(b) Gelykbreekpunt (5)

1.3.2 James, die eienaar van Sunny Tafels, is bekommerd oor die produksie en kostebestuur van die afgelope jaar. Bestudeer die inligting en identifiseer TWEE verskillende koste-items wat kommer wek. Verskaf advies oor wat om te verbeter in elke geval. (4)

INLIGTING

	2020	**2019**
Fabrieksbokoste	R702 000	R640 000
Primêre koste per tafel	R110	R70
Direkte materiaal	R70	R35
Direkte arbeid	R40	R35
Vaste verkoopsprys per tafel	R260	R260
Verkoops- en Distribusiekoste	R219 000	R189 000
Kommissie	R44 000	R54 000
Brandstofkoste	R96 000	R73 000
Onderhoud van voertuie	R79 000	R62 000
Administratiewe koste	R221 000	R200 900
Salarisse van kantoorpersoneel	R151 000	R132 900
Versekering	R70 000	R68 000
Tafels vervaardig gedurende die jaar	9 300	9 900
Tafels verkoop gedurende die jaar	7 300	9 000
Gelykbreekpunt	?	3 400

45

VRAAG 2 REKONSILIASIE

(25 punte; 20 minute)

2.1 PLATO HANDELAARS

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Plato Handelaars.

GEVRA

Voltooi die tabel voorsien in die ANTWOORDEBOEK om die effek van die transaksies op die Bankrekening en die Bank Rekonsiliasiestaat te toon. Dui die syfer aan asook 'n + vir vermeerdering en 'n – of hakies vir 'n vermindering. Indien daar geen inskrywing gemaak moet word nie, plaas 'n X in die Geen inskrywing kolom.. (14)

INLIGTING

A. Op 31 Mei 2020, toon die Bankstaat 'n saldo van R10 320 en die Bankrekening 'n saldo van R21 340.

B. **Uittreksel uit die Bankrekonsiliasiestaat op 30 April 2020**

Uitstaande tjeks:	
Nr. 1436	5 400
Nr. 1464	4 700
Nr. 1466	3 200
Uitstaande deposito	16 900

C. Nadat die Bankstaat vir Mei 2020, met die Bankrekonsiliasiestaat van 30 April 2020 en die Kontantjoernale vir Mei 2020 vergelyk is, is die volgende verskille opgemerk:

(i) 'n Debietorder vir die bestuurder se selfoon vir R1 700, verskyn slegs op die Bankstaat.

(ii) Tjek Nr.1436 is gedateer 11 November 2019.

(iii) Die Bankstaat toon 'n deposito van R16 900 wat nie in die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) vir Mei 2020 verskyn nie.

(iv) Die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) toon 'n deposito van R17 200, wat nie op die Bankstaat verskyn nie.

(v) 'n Elektroniese deposito van 'n debiteur vir R2 300, verskyn slegs op die Bankstaat.

(vi) Tjek Nr. 1464 verskyn op die Bankstaat as R4 100. Die inskrywing in die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) is korrek.

(vii) Tjek Nr. 1466 verskyn op die Mei 2020 Bankstaat.

(viii) Tjek Nr. 1481 vir R2 000 verskyn slegs in die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) vir Mei 2020.

(ix) Die Bankstaat toon 'n V/T tjek vir R1 300. Dit was vroeër ontvang van 'n debiteur om sy rekening van R1 500 te vereffen.

(x) Die volgende items verskyn op die Bankstaat:
- Diensgeld R530
- Rente op kredietsaldo R190

(xi) Die Bankstaat toon 'n debiet van R780 wat gevind is 'n verkeerde inskrywing deur 'n bankamptenaar te wees. Die Bank sal die fout in Junie 2020 regstel.

2.2 JORDAN LOODGIETERS

Jordan Loodgieters verskaf loodgieter-dienste in en om Polokwane. Die Staat ontvang vanaf 'n verskaffer, Tryston Verskaffers, verskil daadwerklik van die rekening in die Krediteuregrootboek. Die boekhouer van Jordan Loodgieters, Barry Reese, het verlof geneem vanaf 25 Februarie 2020.

GEVRA

Neem al die inligting en dokumente in ag en:

2.2.1 Bereken die korrekte saldo van Tryston Verskaffers in die Krediteuregrootboek soos op 29 Februarie 2020. (4)

2.2.2 Berei 'n Krediteure-rekonsiliasiestaat vir Tryston Verskaffers op 29 Februarie 2020 voor. (5)

2.2.3 **Verwys na Inligting D.** Watter gevolge kan Barry Reese in die gesig staar na sy aksies? Verduidelik EEN punt. (2)

INLIGTING

A. **Krediteuregrootboek van Jordan Loodgieters**

TRYSTON VERSKAFFERS					
Datum			**Debiet**	**Krediet**	**Saldo**
Feb[20]	1	Saldo			18 100
	8	Faktuur 4278		5 200	23 300
	11	Tjek 2417	18 100		5 200
	14	Debietnota – korting ontvang op Faktuur 4278	520		4 680
	24	Faktuur 4481		2 070	6 750

B. **Staat ontvang op 28 Februarie 2020:**

TRYSTON VERSKAFFERS **Posbus 471, Polokwane, 0700 Tel: 015 617 5211**					
Jordan Loodgieters Datum: 26 Februarie 2020 **Posbus 1244** **Polokwane** **0700**					
Datum			**Debiet**	**Krediet**	**Bedrag**
Feb[20]	01	Uitstaande saldo			18 100
	06	Faktuur 4278	5 200		23 300
	17	Kredietnota 248 – 10% handelskorting uitgelaat op Faktuur 4278		20	23 280
	22	Faktuur 4481	1 800		25 080
	26	Faktuur 4508	4 700		29 780

C. Faktuur nr. 4481 toon die volgende totale:

Subtotaal van faktuur	R1 800
BTW 15%	R270
Totaal van Faktuur	R2 070

D. **Tjek Nr. 2417**

- Die Bankstaat wat Jordan Loodgieters vir Februarie 2020 ontvang het, was vergesel deur hul gewisselde tjek (nr. 2417), uitgereik op 11 Februarie 2020 ter waarde van R18 100.
- Hierdie tjek wat uitgereik was aan Reese en Seuns, is in die Krediteuregrootboek van Tryston Verskaffers ingeskryf, al het Tryston Verskaffers bevestig dat hulle nooit die tjek of betaling ontvang het nie. Hierdie rekening moet reggestel word.
- Mike Jordan, die eienaar, verdink onmiddellik Barry Reese, sy boekhouer, aangesien Jordan Loodgieters nie ‘n krediteur met die naam Reese en Seuns in hulle grootboek het nie.

25

VRAAG 3 VOORRAADSTELSELS EN WAARDASIE VAN VOORRAAD (45 punte; 35 minute)

3.1 KONSEPTE

Klassifiseer elk van die volgende stellings as deel van die PERIODIEKE **of** die DEURLOPENDE voorraadstelsel. Skryf slegs "Periodieke" of "Deurlopend" langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

3.1.1 Dit is 'n goedkoop sisteem om te bestuur en te beheer. (1)

3.1.2 Koste van Verkope word by die punt van verkope bepaal. (1)

3.1.3 Voorraadtelling word regdeur die jaar gedoen. (1)

3.1.4 Indien voorraad aangekoop word, kry Aankope die debiet. (1)

3.2 SNAP-IT SHOP

Snap-It Shop verkoop selfone en verskillende toerusting en ekstra toebehore vir selfone. Billy Jones is die eienaar. Die finansiële jaar het op 31 Augustus 2020 geëindig.

GEVRA

3.2.1 **Verwys na Inligting A – Selfie stokke:**

(a) Bereken die waarde van die Eindvoorraad op 31 Augustus 2020 deur die EIEU-metode te gebruik. (7)

(b) Bereken die winsopslag % bereik in hierdie finansiële jaar. (4)

(c) Billy is van mening dat hierdie item nie meer verkoop moet word nie. Jy stem met hom saam. Voorsien 'n verduideliking en gebruik syfers om jou punt te bewys. (3)

3.2.2 **Verwys na Inligting B – Selfoon-ringhouers:**

(a) Bereken die voorraadhoudingstydperk vir selfoon-ringhouers in dae, deur Eindvoorraad te gebruik. (3)

(b) Bereken die aantal vermiste selfoon-ringhouers. (5)

(c) Bedink TWEE maatreëls wat die eienaar kan implementeer om hierdie probleem op te los. (4)

3.2.3 **Verwys na Inligting C – Selfone**

(a) Bereken die waarde van die Eindvoorraad op 31 Augustus 2020 deur die Spesifieke Identifikasiemetode te gebruik. (7)

(b) Ondersoek die voorraadsyfers en identifiseer die probleme met die voorraad bestel. Voorsien TWEE punte. (4)

(c) Bespreek die probleem wat Billy nou in die gesig staar met betrekking tot die huidige beskikbare voorraad en formuleer 'n plan om hom te help met die oplossing van hierdie probleem. (4)

INLIGTING

A. Selfie Stokke - Voorraadrekords:

	Een-hede	**Eenheids-prys**	**Totaal**
Beginvoorraad 1/9/19	110	R80	R8 800
Eindvoorraad 31/8/20	205	?	?
Aankope:	**510**		**R49 700**
Oktober 2019	250	R90	R22 500
Februarie 2020	140	R100	R14 000
Junie 2020	120	R110	R13 200
Terugsendings:			
25 items van Junie 2020	25	?	?
Verkope	**390**	**R130**	**R50 700**
Koste van verkope			**R34 300**

B. Selfoon ring-houers – Voorraadrekords:

	Een-hede	**Totaal**
Beginvoorraad 1/9/19	400	R28 000
Eindvoorraad 31/8/20	120	R9 800
Aankope:	**740**	**R66 600**
Oktober 2019	260	
Februarie 2020	310	
Junie 2020	170	
Eenhede verkoop	**960**	
Koste van verkope		**R79 600**

C. Selfone:

- Die stoorkamerbestuurder, Clive, is ook verantwoordelik daarvoor om nuwe voorraad te bestel.

- Die eienaar het opgemerk dat al is daar selfone beskikbaar iin die winkel, is daar slegs twee verskillende modelle beskikbaar in die winkel – Samsung Galaxy A20 en Samsung Galaxy S10.

- Clive is onlangs gesien waar hy 'n baie nuwe en eksklusiewe Samsung tablet gebruik wat nog nie vir kleinhandel beskikbaar is nie.

- **Selfone – Voorraadrekords:**

	Een-hede	**Eenheids-prys**	**Totaal**
Aankope:	**300**		**R1 528 000**
Samsung Galaxy A20	220	R2 400	R528 000
Samsung Galaxy S10	80	R12 500	R1 000 000
Verkope:	**87**		**R503 000**
Samsung Galaxy A20	65	R3 000	R195 000
Samsung Galaxy S10	22	R14 000	R308 000

45

VRAAG 4 KONTANTBEGROTING EN BTW

(35 punte; 30 minute)

Julie Mason beplan om haar besigheid, Julie's Crafts, op die 1ste November 2020 te open. Haar kontantbegroting vir die eerste vier maande, van 1 November 2020 tot 28 Februarie 2021, word hieronder gegee.

GEVRA:

4.1 Bereken die persentasie van verkope wat op krediet gaan wees. (4)

4.2 Bereken die persentasie debiteure wat hulle rekeninge in Desember 2020 gaan betaal. (8)

4.3 Evalueer die effektiewe gebruik van Julie se kapitaalbydrae. Verduidelik TWEE punte wat jy opmerk en gebruik syfers om jou antwoord te staaf. (5)

4.4 Julie beplan om in Januarie 2021 vir 'n lening aansoek te doen. Met inagneming van die syfers in die Kontantbegroting, adviseer haar op TWEE items wat sy anders kan bestuur voor sy die lening oorweeg. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)

4.5 Bereken die bedrag van die lening wat sy oorweeg om in Januarie 2021 uit te neem. (4)

4.6 Verduidelik aan Julie hoekom dit eties korrek sal wees om haar besigheid as 'n BTW-verkoper te registreer. Noem TWEE punte. (4)

4.7 **Verwys na Inligting D.** Bereken die BTW wat Julie aan SAID sal moet betaal vir Januarie en Februarie 2021. Indien nodig, rond alle bedrae af tot die naaste Rand. (6)

Kopiereg voorbehou

INLIGTING

A. **KONTANTBEGROTING VIR JULIE'S CRAFTS VIR DIE TYDPERK VAN 1 NOVEMBER 2020 TOT 28 FEBRUARIE 2021**

	November 2020	Desember 2020	Januarie 2021	Februarie 2021
Kontantontvangste				
Kontant verkope	202 500	206 500	210 600	214 800
Kontant ontvang van debiteure		40 500	66 200	51 400
Kapitaal	75 000			
Lening: Nedbank			?	
TOTALE ONTVANGSTE	277 500	247 000	?	266 200
Kontantbetalings				
Kontant aankope	64 800	66 000	66 600	68 700
Betalings aan krediteure		92 300	94 100	96 000
Toerusting	60 000		60 000	
Salarisse en lone	82 000	82 000	102 000	102 000
Rente op lening (16%)				1 600
Onttrekkings	21 000	21 000	21 000	21 000
Diverse uitgawes	43 200	20 900	21 100	21 300
TOTALE BETALINGS	271 000	282 200	364 800	310 600
Surplus (Tekort)	6 500	(35 200)	?	(44 400)
Bank beginsaldo	–	6 500	(28 700)	?
Bank eindsaldo	6 500	(28 700)	?	?

B. **Debiteure:**

- Julie is bewus daarvan dat sommige debiteure nie by die 30 dae vereffeningsperiode gaan bly nie.

C. **Verkope:**

- Totale verkope vir Januarie 2021 – R280 800
- Totale verkope vir Februarie 2021 – R286 400

D. **BTW:**

- Totale verkope: Januarie en Februarie 2021, R567 200 (BTW uitg.)
  Totale aankope: Januarie en Februarie 2021, R317 200 (BTW ing.)
- Aankope van toerusting: Januarie 2020, R60 000 (BTW ing.).

35

TOTAAL: 150 punte

Kopiereg voorbehou

GRAAD 12 REKENINGKUNDE: FINANSIëLE AANWYSERS FORMULEBLAD		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste
(Handels- en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste	$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$	
$\frac{\text{Handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
Langtermynlaste : Aandeelhouersbelang	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting + rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde langtermynlaste}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting + rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde langtermynlaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende per jaar}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende per jaar}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$